

18 April

Skrifgedeelte: Efesiërs 5:21-32
Fokusgedeelte: Efesiërs 5:31,32
HK, Vraag 108

Die geheimenis – twee sal een word

Ek wil vir jou 'n geheim oor die huwelik vertel, iets wat onverstaanbaar is vir hulle aan wie dit nie vertel is nie.

Miskien ken jy die geheim. As nuwe mens in Christus moet jy dit al gehoor het. Hier is dit in alle geval weer: “Die man sal sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een wees.” Twee mense, een 'n man en die ander 'n vrou, word deur God saamgevoeg in 'n lewenseenheid, 'n onskeibare, intieme eenheid waarin twee mense een word. Seksualiteit is deel van hierdie geheime “een wees”. Wanneer twee mense seksueel gemeenskap het word hulle een. Hieroor skryf Paulus in 1 Korintiërs 6:15-16: “Of weet julle nie dat iemand wat met 'n ontugtige vrou omgang het LIGGAAMLIK EEN MET HAAR IS NIE? God sê immers: ‘Die twee sal een word.’” Omdat seksuele verbintenis mense saamvoeg is dit wys om binne God se reëls vir seksualiteit te bly. Hy voel so sterk daarvoor dat Hy alle onkuisheid vervloek. Sowel binne as buite die huwelik moet die gelowige kuis en ingetoë lewe.

Jou seksuele lewe voor en buite die huwelik het noodwendig 'n invloed op jou huwelikslewe. Wanneer twee mense seksueel verkeer, verbind hulle hulle aan mekaar. Die gevolge daarvan is lewenslank.

Vertel vir ander van hierdie geheim. Dit is die moeite werd om dit te weet.

Ds. HS Coetzee (Potchefstroom-Noord)

~~~~~